NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Geloofsbelydenis

*ahv Filippense 2*

Geloofsbelydenis

**AHV FILIPPENSE 2**

| | |
|---|---|
| **Voorganger:** | Ek glo in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God die Vader |
| **Gemeente:** | Hy wat in die gestalte van God was, maar Homself verneder het deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word |
| **Voorganger:** | wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is. |
| **Gemeente:** | Hy het Homself verneder en was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. |
| **Voorganger:** | Hy het op die derde dag weer opgestaan uit die dood, opgevaar na die hemel en Hy sit aan die regterhand van God die almagtige Vader. |
| **Gemeente:** | God het Hom tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is. |
| **Voorganger:** | In die Naam van Jesus sal elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie buig, en elke tong sal erken: Jesus Christus is die Here! |
| **Gemeente:** | Tot eer van God die Vader. |